Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

Finansiële rekeningkunde 201 (FRK 201)

Kwalifikasie	Voorgraads
Fakulteit	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Modulekrediete	32.00
Programme	BCom Rekeningkundige Wetenskappe
Voorvereistes	FRK 100 of FRK 101; Slegs beskikbaar vir BCom (Rekeningkundige Wetenskappe)-studente
Kontaktyd	4 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Departement	Rekeningkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Slegs beskikbaar vir BCom (Rekeningkundige wetenskappe)-studente
(Hierdie is ‘n kernmodule vir BCom (Rekeningkundige Wetenskappe) wat deel uitmaak van die GR-program. Modules word opgestel en aangebied met kennisname van die vereistes van die SAIGR se sillabus.)
Voorbereiding en aanbieding van maatskappy finansiële jaarstate in ooreenstemming met die vereistes van die Maatskappywet en Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk in verband met die volgende: die aanbieding van finansiële state; inkomste; voorraad; eiendom, aanleg en toerusting; beleggingseiendom; waardedaling (van individuele bates); voorsienings; hure; gebeure na die balansstaatdatum; verdienste per aandeel; rekeningkundige beleid, veranderinge in rekeningkundige ramings en foute; sekere aspekte van finansiële instrumente. Inleiding tot konsolidasies, insluitend basiese konsolidasietegnieke vir beide volfiliale en filiale wat gedeeltelik besit word. Sekere aspekte van die Maatskappywet, insluitend direkteursvergoeding en Bylae 4.
‘n Tegniese vermoë om voorgaande kennis op komplekse probleme toe te pas, is noodsaaklik.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.